

## Talle lesse vir aftreefondse

Hou jou oog op die lang pad.

**D**IS pas meer as 12 maande gelede dat Lehman Brothers ondergegaan het, wat die katalisator was van 'n reeks gebeure wat die wêreld se finansiële stelsel byna vernietig het. Met grootskaalse wisselvalligheid in aandelemarkte, sowel plaaslik as internasionaal, was die afgelope jaar 'n besonder moeilike tyd vir pensioenfondse en lede, van wie baie die grootste deel van hul pensioenspaargeld daarin belê het.

Noudat die wêrelddekkonomie in 'n mate gestabiliseer het, is die herdenking van Lehman se ondergang 'n goeie tyd om die lesse te bekijk wat trustees en lede van pensioenfondse uit die gebeure kan leer.

Seelan Gobalsamy van Old Mutual Batebestuur sê: "Die geskiedenis toon dat die pryse van bates uiteindelik na hul werklike waarde sal terugkeer. Die wilde stygings in aandelemarkte in 2005-'07 het beteken dat die pryse van aandele heel waarskynlik tot bo hul werklike waarde gestyg het.

"Daarom kan mens sê dat, hoewel dit seker moeilik was om die tydsberekening te voorspel, ons 'n regstelling moes verwag het. Die wêreldaandelerisikopremie – die vergoeding vir bykomende risiko wat jy loop deur in aandele pleks van veilige staatseffekte te belê – vir 2008 was die laagste (-40%) sedert die Groot Depressie. Die markdaling van 2008 was 'n regstelling van die opgeblase opbrengste tot in 2007. Langtermynstatistieke toon dat ons tot in 2007 in effek in die toekoms geleen het.

"Ons moet ons afvra waardeur die onderliggende groei gesteun en gedryf word. Byvoorbeeld, die huisborrel van die afgelope paar jaar was soortgelyk aan die internetborrel van 2000, wat albei deur opgeblase pryse en verwagtinge aangedryf is," sê Gobalsamy.

Na aanleiding van dié vernietigende beleggersgedrag sê John Anderson, Alexander Forbes se nasionale hoof van konsultasiestrategie, die grootste uitdaging vir trustees is om lede se gedragpatrone te verander.

"Die eerste les is om nie te oorreegeer nie, want in die praktyk beteken dit net dat verliese vasgesluit word. Toe die regstelling begin en mense wou weet wat hulle moet doen, het baie by hul langtermynplan gehou en absoluut niks verander nie. Hulle het die krisis die beste trotseer.

"Ander het van al hul aandele ontslae geraak, tipies naby of by die onderpunt van die siklus, na kontant oorgeslaan net toe

rentekoerse 'n laagtepunt bereik en toe weer na die mark oorgeskakel eers toe dit herstel. Een rede hiervoor is dat dit maklik is om uit die mark pad te gee en na kontant oor te skakel, maar moeiliker om in die mark terug te kom," verduidelik Anderson.

"Statistieke toon dat mense wat dit gedoen het, beduidende verliese gely het."

Nog 'n fout wat trustees maak, is wanpassing van beleggingstrategieë.

Gobalsamy verduidelik: "In onstuimige tye is dit belangrik dat trustees die langertermyn-beleggingstrategie vir 'n fonds hersien en verseker dat dit gepas en geskik bly om hul oogmerke te kan bereik. Dit beteken dat hulle nie moet oorreegeer nie. Kontant is nie altyd die beste opsie nie. Daar is 'n risiko dat lede op die ou einde na kontant beweeg en op medium- tot lang termyn verkeerdlik in dié bateklas bly, wat hul langtermyn-opbrengsoogmerke benadeel.

Die grootste uitdaging vir trustees is om lede se gedragpatrone te verander.

"Dit is noodsaaklik om op hoërisikofaktore te fokus. Byvoorbeeld, besluite oor batetoewysing is baie belangriker as om die beste bestuurder te probeer kies. As jou batetoewysingsbesluit selfs net 1% verkeerd is, kan dit 'n baie groter uitwerking op jou fonds hê as om nie die bes presterende batebestuurder te kies nie," sê Gobalsamy.

"Fondse moet ook op risiko-oogmerke fokus en nie net op opbrengsoogmerke nie. Baie fondse het 'n opbrengsoogmerk van VPI + X%, maar hul lede sal nie 'n negatiewe maandelikse opbrengs aanvaar nie. 'n Eng fokus op die opbrengsoogmerk van VPI + X% kan meebring dat die fonds nie toereikend in lede se behoeftes voorsien nie, iets wat die afgelope 18 maande gebeur het.

"Die uitstryking van opbrengste is die algemeenste voorbeeld van hoe om tegelykertyd in albei die behoeftes te voorsien, en in sommige gevalle stel dit jou in staat om selfs aggressiewer te wees met jou langtermyn-opbrengsoogmerk," sê Gobalsamy.



Seelan Gobalsamy

Pryse van bates sal uiteindelik na hul werklike waardes terugkeer.

Anderson voeg by: "Navorsing toon dat 90% van fondslede se keuse op die verstekstrategie van die fonds val, maar trustees volg dikwels 'n eenvormige strategie vir almal, wat nie vir lede se verskillende behoeftes voorsiening maak nie.

"'n Lewenstadium-raamwerk blyk meer aanpasbaar by sulke krisisse te wees – een wat die gewigstoekenning vir verskillende risiko-profiel verander van groot tot klein aandeelgewigstoekenning," sê hy.

Die een finansiële krisis ná die ander benadeel beleggersvertroue en baie ontleders reken ons stuur dalk af op 'n tweede krisis (die "W"-herstel).

"Talle fondsbestuurders is nog in 'n konserwatiewe posisie weens kommer oor die volhoubaarheid van die markregstelling. Die soeke na opbrengste van gehalte is 'n simptome van konserwatisme en des te meer rede om nie van die langtermyn-strategie af te wyk nie wat bedoel is om korttermyn-wisselvalligheid te ignoreer," sê Anderson.

Nog 'n les wat trustees volgens Anderson uit die ineenstorting van baie maatskappye

## TRUSTEES VAN AFTREEFONDSE

tydens die finansiële krisis moet leer, is om kontrolestudies van die gehalte en krag van hul diensverskaffers te doen.

"Ons tree as makelaars vir versekeraars op en gebruik 'n proses en formules wat verskaffers toets. Ons verseker dat kontrolestudies daarby ingesluit word – en dit moet gedoen word nie net in die geval van versekeraars nie maar met enigiemand wat finansiële advies lewer."

'n Laaste gedragsles is dat baie werkers tydens 'n ekonomiese resessie afgelê word en hulle hul pensioene laat uitbetaal pleks

daarvan om dit in 'n bewaringsfonds te plaas. Dit hou inherente gevare in.

"In slegte tye sal dit dalk nodig wees om geld uit jou bewaringsfonds te onttrek. Die keersy is dat jy in goeie tye 'n buffer vir sulke slegte tye moet skep. Mense dink selde vooruit wat dit betref," sê Anderson.

Gobalsamy sê: die bedryf erken dat die opvoeding van lede op 'n basiese vlak moet begin en dit moenie net opleiding in aftree-finansiering insluit nie.

"Baie lede van aftreefondse in SA het

nie die nodige opleiding ondergaan om 'n behoorlike begrip te kry van die finansiële beginsels wat nodig is om die regte beleggingsbesluite oor hul pensioenfondsbates te neem nie. Opleiding moet dus met die basiese finansiële gedrag begin, soos die noodsaak om te spaar.

"Kommunikasie is selfs nog belangriker vir fondse waar beleggingskeuses op lidvlak gedoen word. Dis egter ewe belangrik om seker te maak dat lede opgelei word om die kommunikasie te verstaan," sê hy. ■